NED. GEREF. GEMEENTE REEBOK
SONDAG, 21 NOVEMBER 2021

Hou die aankondigings naby u Bybel
~ dit is ons gebedsgids

VANDAG SE PROGRAM

09:30 **Oggenddiens:** Ds. Gerhard van Dyk
Skriflesing: Romeine 1:8-15
Tema: ***"****Die Here verwag van ons om ook in die klein dingetjies* ***geduldig*** *te wees, wat sy tyd is nie ons tyd nie."*
Spesiale Deuroffer: Stranddiensspan

- Die **Samuel-gebedsgroep** bid elke Sondag vanaf 08:50 in die moederskamer om die Here se seën op die erediens.
- Kinderkerk vir al ons maats onder agt jaar in die kinderkerklokaal.
- 09:30 **Junior Kategese** (Gr 1 tot Gr 6) in die gemeentesentrum terwyl die erediens in die kerkgebou gehou word. Ouers kan hulle kinders by die gemeentesentrum aflaai en na die erediens weer oplaai.
- Baie welkom, **alle nuwe intrekkers**! Skryf asseblief julle besonderhede op die **aanmeldingsbladsy** vir nuwe intrekkers neer. Dit is op die tafel in die voorportaal.

17:00 Senior Kategese (Graad 7-12) in die Gemeentesentrum.
17:30 Alle koorlede oefen in die kerkgebou**.**

19:00 **Kerssangdiens:** Ds Gerhard van Dyk
Tema: *"Boodskap van Hoop!"*
♪♫♪♫♪♫
Kom loof saam met ons die Here Jesus, wat as Kindjie vir ons in Bethlehem gebore is!
♪♫♪♫♪♫
Spesiale Deuroffer: Kerkbode Kinderfonds

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag, 22 November 2021
18:00 **Bybelskool** in die kerkgebou. Ons lees vanaf Handelinge 10:1 verder.

Dinsdag, 23 November 2021
10:00 – 14:00 Huiskring-afsluiting by Riverside-vakansieoord.

Woensdag, 24 November 2021
18:00 **Gebedsgeleentheid:** ons kom by die **Klipheuwel Padstal** bymekaar om saam te bid vir die verkeer die komende vakansietyd.
Almal is baie welkom!

VOLGENDE SONDAG, 28 NOVEMBER 2021

09:30 Informele Gesinsdiens met die Musiekgroep: Ds Chris de Wet
Spesiale Deuroffer: Straatwerk
Kategese jaarafsluiting na die oggenddiens. *Alle ouers is baie welkom*.

OMGEE VIR MEKAAR....

- **Nelie van der Linde**, van Tergniet (T7), wat behandeling ontvang.
- **Andries Hough,** van Reebok (R20), sterk tuis aan na ‘n oogoperasie.
- **Elize Steenkamp,** van Duikerlaan, Reebok (R6), sterk in die George Medi-Clinic aan na ‘n knievervangsoperasie**.**
- **Joey Fourie,** van Reebok (R5), sterk tuis aan na ‘n oogoperasie.
- **Mike Scriven**, van Reebok (R3), wat tuis erg verswak is.
- **Sias Meyer,** van Reebok (R5), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Hendrik Sloet**, van Klein-Brakrivier (K2), word in Vidamed versorg.
- **Giel Vermeulen**, van Reebok (R5), se seun, word steeds in die Hoë Sorg Eenheid behandel.
- **Jacoba Mostert**, van Reebok (R6), sterk tuis aan na ‘n heup-operasie.
- **Linda Marcus**, van Reebok (R16), sterk aan na ‘n rugoperasie.
- **Jemima Smalberger**, van Reebok (R5), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Susan van Schalkwyk**, van Reebok (R12), sterk aan na ‘n heup-operasie.
- **Marita Genis,** van Fraai-Uitsig (F10), is in die hospitaal opgeneem vir toetse.
- **Jannie Vorster**, van Reebok (R12), wat tuis ernstig siek is.
- **Dr Tonie Badenhorst,** van die Buitewyk, sterk tuis aan na ‘n operasie.

† *Ons innige simpatie aan die familie van **Kobie Ehlers**, vroeër van Klein-Brakrivier, wat na ‘n siekbed in Oudtshoorn oorlede is.*

VERJAARSDAGWENSE...

Baie geluk aan almal wat vandag en in die komende week verjaar!
Spesiale verjaardagwense aan.....

Shorty van den Heever, van Fraai-Uitsig (F5) wat op 22 November sy **86ste** verjaardag vier,

Willemien Conroy, van Reebok (R1), wat op 23 November haar **84ste** verjaardag vier, en

Willie Wentzel, van Reebok (R11), wat op 27 November sy **84ste** verjaardag vier.

ALGEMENE INLIGTING
NUUS UIT DIE KERKRAAD – 10 NOVEMBER 2021

Nuutverkose wyksleiers

Die volgende persone is as wyksleiers verkies:

- Wyk F8 – Pieter Muller
- Wyk R4B – Lizelle Coetzee

Gras by die Gemeentesentrum

Ons benodig nog heelwat gras by die Gemeentesentrum en ook iemand met ’n groterige sleepwa om tuinvullis weg te ry. Indien iemand dalk hiermee kan help, kontak asseblief die kerkkantoor.

Powertown Crèche

Powerkids Crèche trek Januarie 2022 na die Klein-Brakgemeenskapsaal. Hulle benodig planke of materiaal om hout afskortings op wieletjies te maak wat verskuif kan word as die saal vir ander byeenkomste gebruik word. Hulp om dit te maak sal ook waardeer word. Los matte en kaste om klasse se leermateriaal in te bêre word ook benodig. Enige skryfbenodigdhede en oorskiet verf om speel-apparaat te verf sal ook waardeer word. Kontak asb. vir Petrus Coetsee by 082 461 8124 indien u kan help.

DANKBAARHEIDSOFFERGAWE-SONDAG

Dit is met groot dankbaarheid en waardering dat die Dankbaarheidsoffergawe tans staan op R206 170. Dankie vir elke lidmaat wat hiervoor met blymoedigheid bygedra het. Persone wat nog nie hulle Dankbaarheidsoffergawe-koevertjie kon inhandig nie, kan dit tydens enige van die oorblywende eredienste gedurende November inhandig of by die kerkkantoor afgee. Diegene wat nie ‘n Dankbaarheidsoffergawe-koevertjie ontvang het nie, kan ‘n gewone koevert daarvoor gebruik en slegs u wyknommer daarop aanbring, asook die aanduiding “DANKBAARHEIDOFFERGAWE”.

HARTENBOS VERSORGINGSOORD – DIENSSENTRUM

Die Hartenbos Versorgingsoord hou hulle jaarlikse basaar DV op **18 Desember 2021** by die NG Kerk Hartenbos. *Reebok Gemeente is verantwoordelik vir die gebak tafel. Hiermee vra ons asseblief of daar nie dames is wat hulle weg oopsien om enige vorm van gebak te voorsien vir die geleentheid nie.* Op die tafel in die voorportaal is 'n **GROEN lys** waarop u, u kontakbesonderhede kan neerskryf indien u sou belangstel om te help. Kom ons help ook die Versorgingsoord met 'n bydrae.

DIENSGROEP: GETUIENIS & BARMHARTIGHEID

Die Diensgroepe: Getuienis en Barmhartigheid vra asseblief ou speelgoed en skryfbehoeftes vir die kleuters van die Powertown Kleuterskool. U kan dit in die houer in die voorportaal plaas.

MINI-KERMIS GEKANSELLEER TER WILLE VAN PADKAFEE OP 17 DESEMBER 2021

Aangesien die beplande mini-kermis van 3 Desember so na aan die Padkafee van 17 Desember is, het ons besluit om die mini-kermis te kanselleer en volstoom te begin werk vir ons **groot kermis wat DV op Saterdag, 26 Maart 2022,** sal plaasvind. Ons boekeverkoping word ook tot dan uitgestel.

Ons benodig egter steeds bestanddele vir kleinkoekies wat tydens die padkafee verkoop sal word. Die volgende bestanddele word benodig: *koekmeel, bruismeel, strooisuiker, suiker, bakmargarien, vlapoeier, maizena, klapper, eiers, stroop en hawermout. Bestanddele kan by die* ***kerkkantoo****r afgelewer word of* ***by Frieda Nezar by Gleniqua Eiendomme.***

Ten einde die weeklikse aankondigings elke Vrydag elektronies te ontvang, gee gerus u e-pos-adres aan die kerkkantoor deur.